
# F.A. VAN JAARSVELD: MERKWAARDIGE HISTORIKUS

**J.S. Bergh**
*Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis*
*Universiteit van Pretoria*
*0002 Pretoria*



*F.A. van Jaarsveld (5 Junie 1922 - 7 Januarie 1995)*

Op 7 Januarie 1995 het die Suid-Afrikaanse gemeenskap van historici waarskynlik sy mees bekende en prominente lid met die afsterwe van prof. Floris Albertus van Jaarsveld

verloor. Die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en *Historia* is groot dank aan hierdie begaafde historikus, wat vir so lank 'n rigtinggewende rol in sy geskiedenis gespeel het, verskuldig. Hy sal om verskillende redes en vanweë verskeie uitstaande karaktereienskappe in ons gedagtewêreld bly voortleef.

Moontlik sal ons hom veral weens sy besondere veelsydigheid en entoesiasme onthou. Hy is nie slegs as uitstaande kenner op verskillende terreine van die historiese wetenskap hoog geag nie; sy uitnemende kundigheid het veel verder as dit gestrek. Die wye erkenning wat hy in kuns-, sterrekundige, botaniese en argeologiese kringe geniet het, is in hierdie verband goed bekend. Trouens, sy natuurlike intellektuele nuuskierigheid het hom na nog vele ander terreine gevoer, sodat hy met gesag homself ook daaroor kon uitlaat.

Nog 'n uitstaande kenmerk van prof. Van Jaarsveld was sy ongelooflike produktiwiteit. Hy was ongetwyfeld die mees produktiewe Suid-Afrikaanse historikus. Meer as 50 groter histories-wetenskaplike werke, meer as 150 artikels in vakwetenskaplike tydskrifte en talle brosjures en populêr-wetenskaplike artikels het uit sy pen voortgevloei. Hierdie merkwaardige prestasie was slegs moontlik vanweë sy buitengewone werkywer en die dringendheid waarmee hy sy navorsing en afrondingswerk vir publikasie aangepak het.

Aanvullend tot sy verbasende produktiwiteit was sy uiters stimulerende en oorspronklike denke — wat veral deur sy grondige belesenheid, breë kennisraamwerk en vrugbare en skerp brein moontlik gemaak is.

Prof. Van Jaarsveld sal ook onthou word vir sy internasionale horisonne. Benewens sy doktorale studie in Groningen, was hy sedert 1964 op ten minste agt buitelandse studie- en navorsingsreise — dikwels op uitnodiging van buitelandse regerings, universiteite en ander instansies. Tydens hierdie besoeke het hy homself baie deeglik in die nuutste internasionale tendense in die geskiedeniswetenskap ingegrawe en akademiese gesprekke met buitelandse historici van naam gevoer. Hy het sodoende dié Afrikaanse historikus geword met die mees uitgebreide kennis van veral die Europese historiografie.

Dit was verder kenmerkend van prof. Van Jaarsveld dat hy met die kundigheid wat hy in die buiteland opgedoen het, ywerig die plaaslike akker bevrug het — onder meer met sy talle publikasies, referate, voorlesings en gesprekke. Menige jong Afrikaanse historikus sal kan getuig van die groot impak wat dit op hulle gehad het.

Prof. Van Jaarsveld was een van die Suid-Afrikaanse historici met die langste tydperk van aktiewe bydrae tot die historiese wetenskap. Dit het oor ongeveer vyftig jaar gestrek. Hiervan was hy 35 jaar in die kollig en op die voorpunt. Sy mees gewaardeerde bydraes het hy waarskynlik op die gebied van teoretiese aspekte en die historiografie gelewer. Hy was verder bekend as 'n historikus wat na vernuwing gestrewe het, wat in talle besture en redaksies van vakverenigings en -tydskrifte gedien het, wat gereeld kundige en inspirerende referate by vakkonferensies gelewer het en as studieleier vir talle historici wat later bekendheid verwerf het.

Erkenning vir sy bydraes het nie ontbreek nie. Hy was byvoorbeeld een van net twee Suid-Afrikaanse historici wat die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Stalsprys vir sowel Geskiedenis (1989) as Kultuurgeskiedenis (1973) ontvang het — asook boonop 'n erepenning van dié liggaam vir Geskiedenisbevordering (1986). Die talle uitnodigings wat hy plaaslik en in die buiteland ontvang het om op te tree, is 'n verdere erkenning van sy groot statuur onder historici.

Nie alle historici sal altyd oor die meriete van al prof. Van Jaarsveld se werke saamstem nie. Waaroor daar wel eenstemmigheid sal wees, is dat die Suid-Afrikaanse historiese terrein sonder hom oneindig armer sou gewees het. Ons sal hom onthou as die "groot gryse" van die Suid-Afrikaanse geskiedeniswêreld en groet hom met die wete dat sy bydraes nog lank benut en waardeer gaan word.